



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag in ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens. vir jou beplanning.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK ŉN STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 60 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor ŉ prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf ’n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe. Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

1.1 **DIT WAS ’N GOEIE DAG**

Party dae is net beter as ander dae.

Skryf ’n **opstel** oor ’n goeie dag wat jy gehad het.

Dink aan die volgende:



[Uit google images]

- Wanneer het jy hierdie goeie dag gehad?
- Waar was jy op hierdie goeie dag?
- Wat het op hierdie dag gebeur?
- Waarom was hierdie dag so spesiaal?

**[40]**

1.2 **EK HET VERDWAAL**

’n Mens kan maklik verdwaal (nie weet waar jy is nie) wanneer jy op ’n plek is wat jy nie ken nie.

Skryf ’n **opstel** en vertel van die dag toe jy verdwaal het.

Dink aan die volgende:



[Uit cliparthut.com]

- Wanneer het jy verdwaal?
- Waar het jy verdwaal?
- Wat het gebeur toe jy verdwaal het?
- Hoe het jy weer jou pad gevind?

**[40]**


1.3 **MY SKOOL IS SPESIAAL**

Jy is gelukkig in die skool waarin jy is. Jy dink jou skool is baie spesiaal.

Skryf ʼn **opstel** oor jou skool.

Dink aan die volgende:

- Waar is jou skool?
- Watter goeie dinge word alles in jou skool gedoen?
- Waarom is jy gelukkig in hierdie skool?
- Waarom is jou skool spesiaal?




[Uit i.ytimg.com]

**[40]**

1.4 **EK LEEF GESOND**

Dit is belangrik om gesond te leef, sodat jy nie maklik siek word nie en genoeg energie het.

Skryf ʼn **opstel** en vertel waarom dit belangrik is om gesond te leef.



[Uit guniita.com]

Dink aan die volgende:

- Waarom is dit belangrik om gesond te leef?
- Wat moet ʼn mens doen om gesond te leef?
- Watter verkeerde dinge moet ʼn mens nie doen nie?
- Hoe kan jy ander motiveer om gesond te leef?

**[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf ’n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel ’n TITEL. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1




[Uit fanathepurp.co.za] **[40]**

1.5.2




[Uit howzit.com] **[40]**

1.5.3



[Uit alfa-image.com] **[40]**

1.5.4



[Uit dailymail.co.za] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

### 2.1 FORMELE BRIEF

Jy sien op baie plekke in jou omgewing dat water vermors word omdat die pype en krane stukkend is. Ons land het min water en ons mag nie water so vermors nie.

Skryf 'n **formele brief** aan die munisipale bestuurder waarin jy kla oor die pype en krane wat nie reggemaak word nie.

Jy kan die volgende adres gebruik:

Die Munisipale Bestuurder
Posbus 4321
Johannesburg
2000





[Uit xpsplumbing.co.za]

Dink aan die volgende:

- Waar het jy die stukkende pype en krane gesien?
- Wat wil jy hê moet die munisipaliteit doen?
- Waarom is dit belangrik dat die pype en krane reggemaak moet word?
- Wat kan die munisipaliteit doen om te keer dat water vermors word? **[20]**

### 2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het jou skool se matriekafskeid bygewoon.

Skryf 'n **brief** aan jou maat waarin jy van jou matriekafskeid vertel.

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer was die matriekafskeid?
- Wat het jy aangetrek?
- Wat het alles gebeur?
- Hoe het jy oor die matriekafskeid gevoel? **[20]**

2.3 **DIALOOG**

Jou ma het vir jou ŉ baie duur selfoon gekoop. Jy het hierdie selfoon verloor en moet jou ma daarvan vertel. Jy weet sy gaan kwaad wees, daarom het jy klaar planne gemaak om geld te verdien om weer ŉ selfoon te koop.

Skryf die **gesprek** tussen jou en jou ma neer.


[Uit dreamstime.com]

Begin die gesprek só:

Ek: Ma, ek het iets om vir Ma te vertel.
*(Reël oop)*
Ma: Wat wil jy vir my vertel?
*(Reël oop)*
Ek: ...
*(Reël oop)*
Ma: ...
*(Reël oop)*

**LET WEL:** Laat ŉ reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

2.4 **VERSLAG**

ŉ Skelm het jou skoolsak gegryp en weggehardloop. Jou beursie en selfoon was ook in hierdie sak.

ŉ Polisieman het jou gevra om ŉ kort **verslag** te skryf oor wat gebeur het.


[Uit buzzsouthafrica.com]

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Wat het gebeur en wat was in jou sak?
- Hoe het die skelm gelyk?
- Wie het jou gehelp?

**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50–70 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 3

3.1 **PLAKKAAT**

Jou klas het besluit om ŉ hip-hop-danskompetisie te hou om geld in te samel.

Maak ŉ **plakkaat** om die ander leerders in jou skool oor hierdie kompetisie in te lig.



[Uit clipart.co.za]

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer word die kompetisie gehou?
- Wat gaan alles by die kompetisie gebeur?
- Watter pryse kan gewen word?
- Wie is die kontakpersoon en wat is die kontaknommer?

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jou skool het ŉ funksie gehou waar die hoof pryse vir die beste leerders uitgedeel het. Jy het die prys as die beste graad 12-leerder van jou skool ontvang.

Skryf in jou **dagboek**. Vertel wat by die prysuitdelingfunksie gebeur het en hoe jy daaroor gevoel het.




Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer was die funksie?
- Wie was almal by die funksie?
- Watter prys het jy ontvang?
- Hoe voel jy oor die prys wat jy ontvang het?

[Uit classroomclipart.com] **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou jonger sussie wil vir jou 'n kaas-en-tamatie-toebroodjie maak. Sy het vir jou gevra om die instruksies neer te skryf.

Skryf die **instruksies** puntsgewys in volsinne neer.

Jy kan die prentjies hieronder gebruik om jou te help.



[Uit imgrefurl.com]


Voorbeeld:

1. Was jou hande voordat jy begin.
2. ...
3. ...
.. ...
.. ...

**1.** Was jou hande voordat jy begin.




**2.**




**3.**



**4.**




**5.**




**6.**




**7.**



**8.**



**9.**



**10.**



[Uit google images] **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou